SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

30 April 2015 No: 10 van 2015

BEMAGTIGING: LEERHINDERNISSE

Die sluitingsdatum vir die bemagtiging oor leerhindernisse, behalwe vir <u>De Aar</u>, is uitgestel tot Maandag 4 Mei 2015 om 23:59.

Baie lede doen nou nog navraag en daarom word die inligting herhaal.

Hieronder verskyn ‘n uittreksel uit ‘n e-pos van mev. Babette le Roux oor die **inhoud** van die sessie:

“Die komponente sluit in:

Agtergrond inligting oor Inklusiwiteit en of dit die behoeftes van die sisteem aanspreek, asook beleide wat van toepassing is op die hantering van leerhindernisse.
Agtergrond oor algemene leerhindernisse wat onderwysers daagliks moet akkommodeer in die klas, leerstrategieë, kurrikulum differensiasie, konsessies, toediening van medikasie in die klas.
Toepassing van SIAS en funksies van die onderwyser, skoolgebaseerde ondersteuningspan, distrik, ouers, leerders
Portefeulje opdrag”.

Sommige komponente sal in meer detail bespreek word as ander. Lede moet egter die vrymoedigheid neem om die aanbieder te onderbreek indien iets onduidelik is.

Neem asseblief kennis van die volgende:

1. **ALLE** lede mag die sessie bywoon. Dit is nie beperk tot sekere vakke, fases en/of grade nie.
2. Maak seker dat u **alle velde op die elektroniese inskrywingsvorm voltooi**. Indien u dit nie doen nie, gaan u inskrywing nie deur nie.
3. Indien die skool vir sy personeel betaal, kan **een betaling** gedoen word. Maak seker dat die bedrag korrek bereken word en dat dit duidelik aangedui word vir wie die betaling gedoen word. Faks die bewys na die Noord-Kaapkantoor by 053 832 2460.
4. ‘n Werksdokument sal by die opleidingsentrum beskikbaar gestel word.
5. ‘n Handleiding sal elektronies na die tyd aan almal wat die sessie bywoon, gestuur word.
6. Die materiaal is in Engels ontwikkel en die aanbieder sal vrae in beide Afrikaans en Engels beantwoord.

Indien u probleme met die elektroniese inskrywings ondervind, moet u met mev. Janine du Toit by 053 832 2727 skakel.

Kies die plek waar u die opleiding wil bywoon en kliek op die betrokke skakel:

Mei 4 Laerskool De Aar, De Aar. Sluitingsdatum: 4 Mei 2015 om 23:59
Kliek op die skakel: http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=91

Mei 5 Laerskool Op die Voorpos, Upington. Sluitingsdatum: 4 Mei 2015 om 23:59
Kliek op die skakel: http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=92

Mei 6 Laerskool Seodin, Kuruman. Sluitingsdatum: 4 Mei 2015 om 23:59
Kliek op die skakel: http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=93

Mei 7 Hoërskool Diamantveld, Kimberley. Sluitingsdatum: 4 Mei 2015 om 23:59
Kliek op die skakel: http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=94

SCHOOL ORGANISERS

The SAOU is currently busy updating the information of the school organisers.

School organisers are requested to submit the following information by fax (053 832 2460, ATT: Hansie Strydom) or by e-mail to Hansie Strydom at vvvnk@saou.co.za:

1. *Name of school organiser.*
2. *Name of school/institution.*
3. *E-mail address of school organiser.*
4. *Cell number of school organiser.*

Members at schools/institutions are further requested to ensure that a member is nominated as a school organiser.

The two full-time shopstewards, Hester Human and Hansie Strydom, will start phoning schools from next week to ensure that the correct details appear on the data base.

SAKE BESPREEK MET DIE NKOD

Die SAOU het gister, onder andere, die volgende sake met afgevaardigdes van die NKOD bespreek:

1. Salarisse van personeel wat van tydelik na permanente aanstelling omgeskakel is. Die Departement het onderneem om die verifikasie van kwalifikasies so gou as moontlik af te handel. Hopelik sal die salarisse teen die middel van Junie reggestel wees.
2. OSD van terapeute, ens. ‘n Teikendatum vir terugvoering oor die implementering is vasgestel. Sodra inligting ontvang word, sal dit aan lede deurgegee word.
3. Gradering van skole. Daar behoort binne die volgende 2 – 3 weke meer inligting beskikbaar te wees.